KYK WEER NUUT NA LIDMATE SE POTENSIAAL

Ons weet:

- Die tyd dat leraars alleen alles in ‘n gemeente doen, is lankal verby.
- Die leraar is nie die enigste een wat tot die bediening geroep is nie.
- **Elke** lidmaat behoort aan die liggaam van Christus.
- **Almal** is geroep om ander mense te bedien met die liefde van Christus.

Die groot rede waarom die leraar spesiale opleiding ontvang het en met vergoeding vir die bediening afgesonder word, is om die Woord te bedien en die ander gelowiges **toe te rus vir hulle dienswerk** in die opbou van die liggaam van Christus. Dit het Paulus vir ons duidelik uitgespel in:

Efesiërs 4:10-12 [10]Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met Sy teenwoordigheid te vul. [11]En dit is die “gawes” wat Hy gegee het: **apostels, profete, evangeliste, herders en leraars**. [12]Sy **doel** daarmee was **om die gelowiges toe te rus** vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Vir leraars is dit ‘n heerlike uitdaging om:

- Lidmate te help om geestelik te groei.
- Hulle te help om hulle gawes te ontdek.
- Hulle toe te rus en aan te spoor om inisiatief te neem met bedieninge en om rimpels te maak wat die Here op hulle hart lê.
- Ons weet nou ookal dit is die leraar en die leierspan wat soos ’n dirigent die orkes saam laat speel en wat elke instrument tot sy reg laat kom.

Geen mens mag twyfel aan die potensiaal wat die Here God opgesluit het in Sy kinders nie. (Lees Job 1). Hulle kan inderdaad berge versit. Namate hulle die vrymoedigheid neem om groot dinge aan te pak in die Here se Naam, sal die kerk:

- sout van die aarde wees en
- lig vir die wêreld wees,
- ‘n stad op ‘n berg wat doodeenvoudig nie weggesteek kan word nie.

Die kinders van die Here veroorsaak eenvoudig rimpels!

Miskien is dit tog die leraars se skuld dat lidmate nie altyd bemagtig was om hulle eie dienswerk te verrig nie. Met ons groot klem op ampswerk het ons vergeet dat elke enkele gelowige in Christus se Naam gedoop is tot koning, priester en profeet. Rimpelmakers in eie reg! Verdere aanstellingspapiere het niemand nodig nie!

Dalk het ons in die verlede te veel waarde geheg aan ‘n bepaalde bedieningspatroon en vaste reëls wat in alle gemeentes moet geld. Hierdie groot klem op eenvormigheid hou die gevaar in dat die inisiatief en entoesiasme op plaaslike- en voetsoolvlak gedemp word. En dit wil die Here beslis nie!

Die leraar as dirigent moet nie domineer of mense demotiveer om hulle gawes aan te bied nie, maar die fyn onderskeiding hê om elke lidmaat se unieke gawe (klank) en potensiaal te benut. Die gemeente moet begelei word om saam ’n pragtige klank in die gemeenskap voort te bring wat mense se harte aangryp en God se Naam grootmaak.